NWK BEPERK

VERHANDELING VAN NWK-AANDELE

(1) INLEIDING

Die verhandeling van NWK Beherend Beperk ("NWK Beherend") en NWK Beperk ("NWK") se aandele, wat reeds sedert Junie 1998, kort na maatskappyvorming, deur Barnard Jacobs Mellet Private Kliëntedienste ("BJM") hanteer is, word vanaf 2006-12-01 deur NWK se Sekretariaat hanteer nadat die Raad op Finansiële Dienste besluit het dat die oor-die-toonbank-verhandeling van aandele die funksie van 'n beurs is en dat 'n beleggingsmaatskappy soos BJM nie meer aandele namens ongenoteerde maatskappye (soos NWK) mag verhandel nie, tensy hulle vir 'n beurslisensie aansoek doen.

NWK se aandele is vrylik verhandelbaar, terwyl NWK Beherend, die Houermaatskappy van NWK, se aandele beperk verhandelbaar is. NWK Beherend-aandele kan dus slegs tussen bestaande aandeelhouers (uitgesluit regspersone of *inter vivos*-trusts) verhandel. 'n Aandeelhouer mag ook al of sommige van sy aandele oordra aan 'n bestaande aandeelhouer wat 'n regspersoon of 'n *inter vivos*-trust is, egter slegs met die goedkeuring van die Direksie van NWK Beherend. Voorts kan NWK Beherend-aandele met die goedkeuring van die Direksie van NWK Beherend ook oorgedra word na nuwe aandeelhouers wat volgens die oordeel van die Direksie ingevolge spesifieke norme as *bona fide*-boere geklassifiseer kan word. NWK Beherend-aandele mag wel sonder die goedkeuring van die Direksie na nie-aandeelhouers wat natuurlike persone is, oorgedra word uit hoofde van vererwing.

(2) VEREISTE DOKUMENTASIE

Om met 'n verkoop- of aankooptransaksie te begin, kontak 'n aandeelhouer NWK se Sekretariaat by telefoonnommer (018) 633 1158/1159. Sekretariaat sal dan die nodige inligting (posadres/faksnommer) vanaf die aandeelhouer verkry en die vereiste dokumentasie (verhandelingsmandaat, opdrag om te koop of te verkoop, ensovoorts) vir voltooiing aan die aandeelhouer stuur, tesame met 'n uiteensetting van die dokumentasie wat ingevolge die geldwasserywetgewing (FIS-dokumentasie) ingedien moet word. 'n Aandeelhouer kan Sekretariaat ook persoonlik besoek vir die voltooiing van dokumentasie. In so 'n geval moet 'n aandeelhouer Sekretariaat verkieslik vooraf kontak sodat hy/sy ingelig kan word oor die nodige FIS-dokumentasie wat tydens die besoek ingedien moet word.

Indien 'n verkoper of koper nie reeds aandele deur middel van NWK se verhandelingsmeganisme verhandel het nie en derhalwe nog nie 'n verhandelingsmandaat voltooi en die oorspronklike daarvan saam met die nodige FIS-dokumentasie aan NWK beskikbaar gestel het nie, moet die nodige dokumentasie onverwyld ingedien word. Geen transaksie kan plaasvind indien NWK nie oor die nodige FIS-dokumentasie beskik nie. Voorts moet 'n verkoper ook 'n vorm CM 42 (vir aandele-oordrag) of meerdere vorms CM 42, afhangende van die geval, onderteken en saam met die ander dokumentasie aan NWK beskikbaar stel. Dit is raadsaam dat al die dokumentasie per geregistreerde pos of per koerier aan NWK gestuur word. Indien 'n verkoper in besit is van fisiese aandelesertifikate, moet die sertifikate afsonderlik per geregistreerde pos of per koerier aan NWK beskikbaar gestel word.

(3) VERHANDELINGSPROSES

Verhandeling vind gedurende weeksdae tussen 09:00 en 17:00 plaas. Opdragte word skriftelik gegee. Telefoniese opdragte word nie aanvaar nie. Faksopdragte is wel

aanvaarbaar, maar die oorspronklike skriftelike opdrag moet onverwyld aan Sekretariaat beskikbaar gestel word vir rekorddoeleindes. Kopers van aandele moet die toepaslike fondse in NWK se aandeleverhandelingskemarekening (Absa Bank Beperk, Lichtenburg, rekeningnommer 4050 482 080) deponeer voordat 'n transaksie kan plaasvind.

Koop- en verkooppryse, asook besonderhede van die jongste transaksies, is deurlopend op NWK se webtuiste (www.nwk.co.za) beskikbaar. Sekretariaat vra ook kopers en verkopers wie se pryse nie naby die huidige markpryse is nie om gereeld in verbinding te bly met die verhandelingstoonbank sodat hulle op hoogte kan wees van enige verwikkelinge in die mark.

Die volgende inligting moet ten opsigte van alle verhandelings op die opdragvorm verstrek word:

- Die NWK-lidnommer;
- die aantal aandele wat gekoop of verkoop moet word; en
- die prys waarteen die aandele gekoop of verkoop moet word.

Die tydperk waarvoor enige opdrag geldig is, is drie maande. Dié tydperk neem 'n aanvang nadat al die voorgeskrewe dokumentasie ontvang is en die opdrag op die aandeleverhandelingstelsel bekendgestel is. Sekretariaat sal sover dit moontlik is, 'n koper/verkoper ongeveer 'n week voordat 'n opdrag verval, skakel sodat 'n nuwe opdrag ingedien kan word sou hy/sy so 'n behoefte hê. Die onus rus egter op elke koper/verkoper om rekord te hou van die datum waarop sy/haar opdrag verval.

Dit word aanbeveel dat potensiële kopers en verkopers eers die huidige aandeleprys op NWK se webtuiste bevestig of met Sekretariaat bespreek voordat 'n transaksieprys vasgestel word. Die heersende prys hang af van vraag en aanbod en wissel dus voortdurend. Die heersende prys kan dus nie gewaarborg word nie.

Die prys waarteen 'n verkoper wil verhandel kan op die volgende twee beginsels geskied:

- 'n Vasgestelde prys; en
- 'n "beste prys", dit wil sê die beste beskikbare prys ten tye van die opdrag.

Verhandeling geskied op 'n prys-tyd-prioriteitsbasis. Datumvolgorde speel dus slegs 'n rol as kopers en verkopers teen dieselfde prys wil verhandel.

Die datum waarop die transaksie plaasvind word die verhandelingsdatum genoem.

(4) VERHANDELING VAN AANDELE WAT AS SEKURITEIT DIEN

Ingevolge NWK Beherend en NWK se Statute is alle aandele aan NWK gesedeer en verpand as voortdurende dekkende sekuriteit (ondanks enige skommeling in of delging van die versekureerde skuld) vir die nakoming van alle bestaande en toekomstige skuld van 'n betrokke aandeelhouer teenoor NWK. Na die verkoop van aandele word die opbrengs van die verkooptransaksie derhalwe aan NWK oorbetaal. NWK wend dan die opbrengs teen 'n aandeelhouer se rekening aan (indien hy 'n rekening by NWK het) en betaal die balans daarvan (indien enige) aan die verkoper uit.

(5) BESTORWE EN INSOLVENTE BOEDELS

Slegs die eksekuteur (of sy gevolmagtigde) van die boedel van 'n oorlede aandeelhouer of die kurator/likwidateur van 'n insolvente boedel, kan namens die boedel mandate verleen vir die verhandeling van aandele.

(6) TRANSAKSIEKOSTE

Die transaksiekoste bestaan slegs uit seëlregkoste (0,25% van die aankoopprys - slegs van toepassing op kooptransaksies).

(7) OORDRAG VAN AANDELE

Wanneer die transaksie afgehandel is, bewerkstellig Sekretariaat, wat ook die aandele-oordragfunksie intern hanteer, die oordrag van die aandele en bevestig die oordrag skriftelik met die verkoper en koper en in toepaslike gevalle, met die agent.

(8) WEBBLADINLIGTING: OOR-DIE-TOONBANKVERHANDELING

Om toegang te verkry tot NWK Beherend en NWK se oor-die-toonbankmarkwebblad, besoek www.nwk.co.za en gaan dan na "NWK Aandele".

(9) ALGEMEEN

Indien aandeelhouers nie oor internetfasiliteite beskik nie, kan hulle direk met Sekretariaat by (018) 633-1158/1159 skakel. Internetfasiliteite is ook by al die handelswinkels, graan-depots en meganisasietakke beskikbaar, wat 'n aandeelhouer in staat stel om sy naaste bedryfspunt te besoek vir internettoegang of die betrokke bedryfspuntbestuurder te skakel vir inligting in verband met die beskikbaarheid van aandele en aandelepryse.